

Die Mount Coke-Sendingstasie en eerw. J. W. Appleyard se Xhosa-Bybelvertaling

deur

MEJ. E. F. UYS

DIE Metodiste sendingstasie „Mount Coke” lê ongeveer twaalf myl oos vanaf King William’s Town, net verby die gewese militêre pos Fort Murray, wat nou ’n nasionale monument is. Hierdie sendingstasie is in 1825 deur eerw. W. Shaw gestig.

Eerw. Shaw het saam met die Britse Setlaars in 1820 na Suid-Afrika gekom. In 1823 het hy die Wesleyville-sendingstasie, omtrent 17 myl vanaf Mount Coke, gestig. Vervolgens het hy saam met ander sendelinge van die kaptein Slambie (Ndlambe) ’n stuk grond naby die Umkangisorivier, ’n sytak van die Buffelsrivier, gekry waar nog ’n sendingstasie gevestig kon word. Dit was ’n pragtige stuk grond, waar bosse en gras welig gegroei het en wat baie vrugbaar gelyk het. Bowendien het die naturelle-kapteins verwag dat dit in die toekoms die middelpunt van ’n groot naturellebevolking sou word. In 1825 het eerw. Shaw hier nog ’n sendingstasie gestig, wat hy na dr. Thomas Coke, wat as die vader van die Metodistiese sending bekend staan, vernoem het. ’n Baie opvallende heuwel in die nabyheid het daartoe bygedra dat die aanvanklike Coke-sendingstasie as die Mount Coke-sendingstasie bekend gebly het. Die geboue is van materiaal uit die omgewing opgetrek.

Hoewel Ndlambe ’n deel van sy gebied aan die sendelinge afgestaan het en op sy sterfbed nog aan sy volk voorgehou het: „Pas die sendelinge op, en hulle sal julle oppas!”, het hy in werklikheid tog nie veel belangstelling vir die welvaart van die sendingstasie getoon nie.

As gevolg van die kafferoorloë was dit later noodsaaklik om in hierdie omgewing ’n fort op te rig. Die regering het die Mount Coke-sendingstasie opdrag gegee om drie myl verder te skuif en vervolgens is Fort Murray naby die plek waar die sendingstasie eers was, gebou.

Die kafferoorloë in die begin van die 19e eeu het nie net die grensboere bedreig nie, maar ook die sendingstasies het dikwels ernstige verliese gely. Ook die Mount Coke-sendingstasie het dit nie vrygespring nie. Tydens die superintendentskap van eerw. H. H. Dugmore is die sendingstasie in 1835 tot op die grond afgebrand. Die volgende jaar is dit egter weer deur eerw. W. B. Boyce herbou.⁽¹⁾

(1) Eerw. W. B. Boyce was vir lange tyd in Buntingville gestasioneer. Hy het ’n groot belangstelling vir die Bantoe-literatuur gehad. Dit is hy wat die eufoniese konkord wat die sleutel tot die Xhosa-taal was, uitgewerk het.

In 1846 moes die sendelinge nog 'n slag na 'n veiliger oord haas en is die stasie weer verwoes. Twee jaar later is dit egter weer herbou en tegelykertyd uitgebrei.

In 1849, die jaar waarin daar 'n kerk geopen is, was eerw. W. Impey superintendent. Hy is bygestaan deur eerw. J. W. Appleyard, wat later toesig oor die drukpers wat daar opgerig sou word, sou kry. Hierdie Metodiste drukpers was eers in King William's Town, maar in 1853 is dit na Mount Coke oorgebring. Dit het belangrike letterkundige werke gedruk, waarvan die vertaling van die Bybel in Xhosa een van die vooraanstaandes was.

By die tot stand koming van hierdie Bybel het eerw. Appleyard, 'n groot rol gespeel. John Whittle Appleyard is op 15 Junie 1814 in Civenster, Gloucester, gebore. Sy vader was 'n Wesliaanse predikant en die seun het 'n streng Christelike opvoeding gehad. As jong man het hy verskeie sendingvergaderings bygewoon en aldus 'n groot belangstelling vir die sendingwerk ontwikkel. Intussen het hy baie aandag aan Hebreeus, Grieks en Latyn gegee. In 1836 is eerw. Appleyard as 'n plaaslike proefprediker aangestel, terwyl hy later as sendingkandidaat aangeneem is. Daarna het hy aan Hoxton-kollege studeer, o.a. in Siries en Chaldees.

Op 13 Julie 1839 het hy sy aanstelling in Suid-Afrika ontvang. Saam met ander sendelinge het hy by eerw. W. J. Davis Bantoetale begin leer, waarby o.a. W. B. Boyce se „Kaffir Grammar” gebruik is.

Op 21 Januarie 1840 kom eerw. Appleyard in Kaapstad aan. Hier het hy gou gemerk dat Hollands die populêre spreektaal was en onmiddellik het hy onder leiding van 'n sekere Marquard hierdie taal begin leer. Hy het wel 'n besondere gevoel vir tale gehad, want nog voordat hy na Port Elizabeth vertrek het, het hy al preke in Hollands gelewer.

Eerw. Appleyard het na sy aankoms in Port Elizabeth per ossewa na Grahamstad vertrek. As gevolg van die ongesteldheid van eerw. J. Archbell moes hy eers ses maande lank by die Salem-sendingstasie waarneem. Hier het hy vir die eerste keer direk met 'n Bantoetaal kennis gemaak.

In Oktober 1840 is hy as 'n assistent vir eerw. W. B. Boyce na die Durbanse sendingstasie oorgeplaas. Hier het hy die geleentheid gekry om sy groot begeerte, nl. om die Xhosataal te leer, te verwesenlik. Hy het die natuurlike se krale besoek en op hulle gewoontes gelet. Ook het hy die „Kaffir Grammar” van eerw. Boyce weer bestudeer. Studietyd en geriewe was egter beperk en eers nadat hy na Kafferland (Kaffraria) oorgeplaas is, kon hy die werk deeglik aanpak en het hy met die samestelling van 'n woordeboek begin.

Na sy huwelik in 1841 met mej. Archbell het hy hoof van die Bebra-sendingstasie geword, naby die dorpie, Peddie, 'n paar myl noord van King William's Town. Hier het hy hom intensief daarop toegelê om die Xhosa-taal te leer praat. Hy het baie gevorder en twee jaar later het hy sy eerste diens in Xhosa sonder tolk gehou.

In 1846 het die eerste uitgawe van eerw. Appleyard se „Kaffir New Testament” by die sendingdrukkers in Peddie en Newtondale verskyn. Kort

hierna is eerw. Appleyard na King William's Town gestuur, waar hy redakteur van die sendinguitgewery geword het.

Toe die sendelinge in Kaffraria begin arbei het, was daar nog geen Bantoe-alfabet nie. Van die begin af is besluit dat die alfabetiese letters gebruik sou word. Maar toe die tyd aanbreek dat woorde versamel moet word, was daar 'n meningsverskil met betrekking tot die spelling van sommige klanke wat eintlik uit 'n kombinasie van klanke bestaan het. Op 'n groot sendingvergadering bestaande uit sendelinge van verskillende genootskappe is egter ooreenstemming oor 'n eenvormige ortografie bereik.

Die Wesliaanse sendelinge het hulle woordelyste onafhanklik van die ander sendinggenootskappe opgestel en hulle eie metodes van ondersoek in die taalkundige bou van Xhosa gevolg. Hulle het vinnig gevorder. Kort gesange, die Kategismus, die Onse-Vader, die Tien Gebooe en gedeeltes van die Liturgie en geleentheidsdienste is vertaal en met verwagting is na die dag uitgesien wanneer die Heilige Skrif in sy eie taal aan die naturel gegee sou kan word.

Eerw. Appleyard het nie net 'n groot belangstelling vir tale gehad nie, maar hy het ook 'n studie van die verskillende Bybelwetenskappe gemaak. So het hy 'n groot kennis van volkekunde, ortografie en filologie van Xhosa gehad. Sy werk is eintlik tweeledig: daar is sy grammatika wat hy in 1850 by die sendinguitgewer in King William's Town uitgegee het en verder is daar sy Bybelvertaling in Xhosa. Hierdie laaste is verreweg sy belangrikste werk.

By hierdie vertaling het hy daarvoor gesorg dat die teks so na as moontlik by die bestaande tekste in ander tale gebly het. Die werk is onder moeilike omstandighede verrig. Tydens die Umlangeni-oorlog moes dit vir 'n hele jaar onderbreek word. In 1853 word eerw. Appleyard egter na Mount Coke oorgeplaas.



Gebou waarin die voltooide vertaling van die Xhosa-Bybel gedruk is.

Inmiddels is ook die drukpers daarheen gebring. Eers van toe af kon hy sy volle aandag aan die vertaling gee. Op 25 Januarie 1859 het hy in sy dagboek aangeteken dat die Boek van die Koninge vertaal is en dat daarmee die werk voltooi is. „The whole Bible has now been translated into Kaffir and many portions previously printed have been revised”, het hy daaraan toegevoeg. In 1854 was met die druk van die Xhosa-Bybel begin en amper 4½ jaar later was dit voltooi. Van die Ou Testament in Xhosa is aanvanklik 1,000 eksemplare te Mount Coke gedruk en in vier afsonderlike bande gebind; die Nuwe Testament was reeds eerder in omloop.

Hoewel hierdie Bybelvertaling goed ontvang is, het kritiek nie uitgebly nie. Eerw. Appleyard was van plan om die vertaling naderhand weer te hersien. Hy het egter nooit 'n sterke gestel gehad en nog voordat hy met hierdie taak kon begin, is hy op 4 April 1874 oorlede.

Die hersiene uitgawe, wat later verskyn het, is deur sommige sendelinge as bevredigend beskou. Die Xhosa-sprekendes het egter aan Appleyard se vertaling voorkeur gegee.

Nog verskeie hersiene uitgawes het die lig gesien, maar eers met die „Unie-versie” van 1927 is 'n kompromis tussen eerw. Appleyard se oorspronklike vertaling en die latere hersiene uitgawes bereik. Hoewel daar veranderinge gemaak is, blyk dit tog wel dat eerw. Appleyard sy werk met besondere grondigheid verrig het.

BRONNE:

Persoonlike besoek aan die Mount Coke-sendingstasie en Fort Murray. Verder pamflette van M. C. Sendingstasie en in Kaffraria-Museum, King William's Town.